SKAKELING VAN DIE GEORGANISEERDE LANDBOU MET DIE KUNSMISBEDRYF*

C J P CILLIERS, Direkteur: S A Landbou-Unie

Inleiding

Byna vanaf sy ontstaan in 1904 het die S A Landbou-Unie skakelkomitees gevorm met 'n hele reeks liggame soos die Kamers van Koophandel, Kamer van Nywerhede, Goudmynbedryf, Spoorweë, en ander staatsdepartemente. Dit is eers laat in sy bestaan, egter, dat daar begin skakel is met die nywerhede wat belangrike insette aan die landbou verskaf soos brandstof, kunsmis, landbouchemikalieë, ens. Met die belangrike voorsieners van implemente en masjinerie bestaan daar tot vandag nog geen regstreekse skakeling nie. Indirek is en was daar dikwels skakeling deur die landboukoöperasies wat in sekere gevalle self vastrapplekke binne die betrokke verskaffingsbedrywe verkry het.

Verder was daar natuurlik skakeling deur die SALU met die owerheid oor sekere verskaffingsbedrywe. So was daar wat kunsmis betref, van tyd tot tyd vertoë oor invoere en later oor plaaslike vervaardiging om invoere aan te vul en nog later om invoere te vervang. Op dié manier was die Unie verantwoordelik vir die instelling van beheermaatreëls en rantsoenering gedurende die Tweede Wêreldoorlog. In 1942 het die Unie daarop aangedring dat plaaslike fosfaatrots aan boere beskikbaar gestel word wat later tot die ontginning van Langfos gelei het. In 1943 het die Regering op aandrang van die SALU binne 48 uur na die val van Casablanca sy kleim vir meer fosfaatrots uit Noord-Afrika afgesteek en skeepsruimte van die Britse Regering verkry. Netso het Foskor op aandrang van die Unie begin. Op dieselfde wyse is die Unie verantwoordelik vir die instelling van subsidies en prysbeheer. Ook is die Unie verantwoordelik vir die bekende Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, No 36 van 1947. Al hierdie dinge het egter plaasgevind as gevolg van skakeling met die owerheid oor die kunsmisbedryf en nie as gevolg van skakeling met die kunsmisbedryf self nie. Hierdie toedrag van sake het dwarsdeur die Tweede Wêreldoorlog en vir omtrent vyftien jaar daarna voortgeduur.

Die onderliggende filosofie aan boerekant was blykbaar dat dit nie veel sou help om met die kunsmisvervaardigers self te gesels nie, maar om eerstens die Staat te oorreed om self 'n groter aandeel in die vervaardiging te neem en tweedens die vervaardigers met beheermaatreëls te dwing om sekere dinge te doen. Daarom dat die georganiseerde landbou net na die oorlog sterk vertoë aan die Staat gerig het dat Foskor sy grondstof self in superfosfaat moes omsit en regstreeks deur die koöperasies versprei. Netso is in die middel-vyftigerjare weer daarop aangedring dat Sasol self sy ammoniumsulfaat in sakke aan koöperasies moes lewer vir verspreiding aan die boere. In albei gevalle was die uiteindelike beslissing dat Foskor sy grondstof en Sasol sy byproduk aan die lede van die Kunsmishandelaarsvereniging moes lewer. Vergelyk hiermee die onlangse relletjie toe die georganiseerde landbou daarop aangedring het dat Yskor sy ammoniumsulfaat via Samancor regstreeks aan koöperasies moes lewer vir verspreiding onder boere en die eindbeslissing wat weer dieselfde was as in die middelvyftigs.

Eerste kontakte

Na die aanname van Wet No 36 van 1947, het die Departement van Landbou van tyd tot tyd samesprekings begin hou oor die samestelling van mengsels, konsentrasies, ens. Hierheen is uitgenooi die kunsmisbedryf wat reeds lank in 'n Kunsmishandelaarvereniging saamgesnoer was, sowel as verteenwoordigers van die SALU. Afgesien van die jarelange handelskontakte van indiwiduele koöperasies met indiwiduele kunsmismaatskappye, is hier vir die eerste keer op departementele konferensies kontak gemaak tussen die georganiseerde kunsmisbedryf en die georganiseerde landbou. Soos gewoonlik het die twee groepe aanvanklik mekaar met 'n groot mate van agterdog bejeën. Soos ook gewoonlik gebeur, het hul later gevind dat daar gebiede is waarop hulle met vrug kon saamwerk. Maar in hierdie hele tydperk van die vyftigerjare het daar blykbaar van beide kante geen behoefte ontstaan om regstreeks as groepe met mekaar te skakel nie.

Toenadering op indiwiduele vlak

Nadat die landbou-unies en die landboukoöperasies in 1946 'n verenigde landboufront gevorm het, het die omset van koöperasies met rasseskrede vooruitgegaan. Binne die eerste vyf jaar het koöperasies se omset aan produkte meer as verdubbel en aan boerderybenodigdhede (insluitende kunsmis) verdriedubbel. In die volgende vyf jaar het albei weer verdubbel. Hierdie reusesprong in een dekade het die georganiseerde landbou in 'n redelike sterk bedingingsposisie geplaas, wat nie ongemerk verbygegaan het onder verskaffers nie. Teen die end van die vyftigerjare en in die vroeë sestigerjare het daar dus interessante ontwikkelinge begin plaasvind.

Aan die een kant het die vervaardigers die toenemende krag van die landboukoöperasies gemerk en aan die ander kant die Staat se standpunt dat die Staat die grondstowwe sal

* Referaat gelewer ná toekenning van die MVSA se goue medalje vir 1980.

help lewer maar nie tot regstreekse vervaardiging van kunsmis sou toetree nie. Dit was ook bloeijare wat betref akkerbouproduksie en dus die behoefte aan kunsmis, en almal het uitbreidingsplanne gehad. Maar elkeen moes ook aan sy bemarking en afsetkanale dink en niemand hoef destyds baie diep te dink voordat hulle by die landboukoöperasies uitkom nie. Die vroeë sestigerjare was dus die tyd van toenadering en aanbiedinge aan die koöperatiewe beweging deur indiwiduele kunsmisvervaardigers.

In 1959 het die idee van verdere verwerking van Foskor se fosfaatrots ter plaatse ontstaan en vroeg in 1960 is die koöperatiewe beweging deur Federale Volksbeleggings genader met 'n uiterd aanloklike plan. Die plan was naamlik dat daar onder leiding van F V B 'n groot kunsmisfabriek by Phalaborwa opgerig moes word wat uiteindelik in al die land se fosfaatbehoeftes kon voorsien. Dit sou op 'n utiliteitsgrondslag werk en alle bestaande kunsmisvervaardigers sowel as die landboukoöperasies sou aandele daarin hê, maar op hierdie aandele moes niemand meer as 'n net gangbare rendement verwag nie. Hierdie fabriek se doel sou wees om fosfate aan sy aandeelhouers te lewer teen die laags moontlike pryse en hy sou self geen vermenging doen nie.

Naas hierdie utiliteitsfosaatfabriek sou daar 'n tweede maatskappy gestig word waarin net F V B en die landboukoöperasies op 'n 51—49% basis aandele sou hê en wat

(a) beheer sou uitoefen oor die utiliteitsmaatskappy en
(b) self vermenging sou doen en ook enkelvoudige misstowwe sou bemark.

Na veel beraadslagings is hierdie aanbod uiteindelik van die hand gewys, om 'n paar redes wat ek graag hier wil aanstip:

(1) Eerstens was daar die beginselbotsing, nl dat die privaatmaatskappy se doel altyd is om die hoogste profyte vir *sy* aandeelhouers te maak wat onder andere verkry word deur die hoogste moontlike pryse vir sy kunsmis te vra, terwyl die koöperatiewe vennoot se doel weer is om die hoogste profyte vir *sy* aandeelhouers, nl die boere, te verseker, wat hy die beste kan bereik deur die laagste moontlike pryse vir die kunsmis te vra. Daar is wel aangevoer dat onder prysbeheer hierdie twee teenstrydige doelwitte versoen word deurdat 'n prys vasgestel word wat albei pas, al is dit dan nie tot elkeen se bevrediging nie. Hierteen egter was die argument dat van enige besparing wat so 'n gesamentlike onderneming teweegbring, minder as die helfte na die koöperasie gaan en deur hom direk of indirek by die boer uitkom.

(2) Tweedens was daar 'n meer praktiese maar ewe belangrike rede en dit was die finansieringsprobleem van koöperatiewe kant. In ander lande waar daar koöperatiewe banke is, sou die koöperasies geen probleem gehad het om die nodige kapitaal te bekom nie, maar in Suid-Afrika waar koöperatiewe banke verbode is en koöperasies op die Landbank aangewese is, het die Landbank tot nou toe geweier om aan koöperasies kapitaal te voorsien vir die vervaardiging van boerderybenodigdhede. En om elders, en veral van hulle lede, die nodige kapitaal te verkry, was 'n onbegonne taak. Verder was die probleem dat al sou die koöperasies die nodige kapitaal kon bymekaar kry om sê 'n 49% of selfs 40% aandeel te koop, die eerste uitbreiding van die produksiekapasiteit nuwe kapitaal van so 'n orde sou vereis dat die koöperasies dit nie sou kon bybring nie en hulle aandeel noodwendig sou daal, sodat 'n nog kleiner proporsie van enige besparings op produksiekoste van kunsmis in die vorm van dividende ooit by die boer sou uitkom.

(3) Derdens, en dit is netso belangrik, was die koöperatiewe beweging se strewe destyds, soos dit trouens vandag nog is, om die distribusie van kunsmis eenhonderd persent koöperatief te onderneem en volkome te rasionaliseer. Daar is gevoel dat aandeelhouding deur koöperasies in 'n enkele vervaardigingsmaatskappy hierdie distribusie-ideaal sou verongeluk omdat die ander vervaardigers dan nie bereid sou wees om hul totale produksie vir die binnelandse mark aan die koöperasies te oorhandig nie, wetende dat die koöperasies 'n regstreekse belang in een vervaardiger het. Dit sou onmoontlik wees om die agterdog uit die weg te ruim dat daardie een vervaardiger voorgetrek sou word en daar dus nie vir almal gelyke beregtiging sou wees nie. Dit is trouens op grond hiervan dat die Koöperatiewe Raad as mondstuk van die landboukoöperatiewe beweging nog onlangs weer 'n beroep op koöperasies met aandele in 'n spesifieke vervaardigingsmaatskappy gedoen het om van daardie aandele ontslae te raak, sodat die koöperasie hulle enkeldoelig op distribusie kan toespits.

Ek noem hierdie argumente teen koöperatiewe toetrede tot vervaardiging om latere herhaling te voorkom. Die Koöperatiewe Raad se standpunt is eers met die aanbod van F V B in 1960 behoorlik geformuleer, hoewel die Raad reeds in antwoord op 'n kongresbesluit van die SALU in 1956 al, bevind het dat hy nie die kapitaal kon byeenbring om sinvol tot vervaardiging toe te tree nie.

Toe die Bosveldprojek van F V B van die hand gewys is, het die SALU begin aandring op 'n amptelike ondersoek na die hele kunsmisbedryf.

Toe het dinge baie vinnig gebeur. Terwyl onderhandelinge oor die Bosveldprojek nog aan die gang was, het die kunsmisbedryf as geheel die SALU genader om nouer skakeling te bewerkstellig.

Geordende skakeling

Ek het reeds genoem dat die ou Kunsmishandelaarsvereniging om een of ander rede nie met die georganiseerde landbou skakeling kon of wou vind nie of andersom. Hoe dit

ookal sy, het die kunsmismaatskappye in 1959 besluit om 'n nuwe organisasie te stig – die een wat my vanaand met die toekenning van hierdie goue medalje vereer in sy mondigwordingsjaar, nl die Misstofvereniging van Suid-Afrika. In Augustus 1960 het die Vereniging se eerste voorsitter, dr B A du Toit, en sy skakeldirekteur, mnr Turner, die Koöperatiewe Raad toegespreek om die Vereniging voor te stel en skakeling te soek. Hy het gesê die doelstellings van die Vereniging is:

(1) die ekonomiese toediening van misstowwe;
(2) aktiewe samewerking met die Departement van Landbou en die georganiseerde landbou; en
(3) om te sorg vir etiese handelspraktyke onder lede.

Hy het voorgestel dat 'n skakelkomitee in die lewe geroep word waarop die georganiseerde landbou en die Vereniging verteenwoordig sou wees.

Op daardie stadium het die Koöperatiewe Raad die Vereniging aan 'n lyntjie gehou totdat hy in Novembermaand die Bosveldprojek afgehandel het. Dit het toe dr Du Toit se voorstel met graagte aanvaar en sy verteenwoordigers op die skakelkomitee aangewys. Die eerste vergadering van die Kunsmisskakelkomitee het plaasgevind in 1961.

Vroeg in 1961 het die Regering gehoor gegee aan die SALU se vertoë vir 'n ondersoek na die kunsmisbedryf en is die Viljoenkomitee aangestel waarop die SALU deur sy destydse direkteur, dr P G le Clus, verteenwoordig is en wat 'n jaar later sy verslag uitgebring het. Ook in 1961 is 'n komitee van ondersoek aangestel na Wet No 36 van 1947 wat twee jaar later gerapporteer het. Verder het in 1961 die grootste prysoorlog ooit tussen die kunsmismaatskappye uitgebreek wat die koöperasies erg omgekrap het. Die nuwe vereniging het hom nie met pryse bemoei nie sodat die Skakelkomitee ook niks aan die saak kon doen nie. Die ou Kunsmishandelaarsvereniging het nog bestaan, maar was blykbaar besig om uitmekaar te spat. Die toestand was voorwaar chaoties in die eerste jaar van die Skakelkomitee se bestaan en die behoefte aan skakeling seker nooit groter nie.

In die volgende jaar, 1962, het sake begin rigting kry toe die Viljoenkomitee se aanbevelings bespreek is en die Skakelkomitee sy waarde wel deeglik bewys het. By die Skakelkomiteevergaderings is ook bygebring verteenwoordigers van die Spoorweë en van die Departement Landboutegniese Dienste.

Die Viljoenkomitee het belangrike aanbevelings gemaak oor:

(1) Rasionalisasie van produksie;
(2) 'n Sentrale Instituut van Analitiese en Adviserende Dienste,
(3) Rasionalisasie van distribusie,
(4) 'n Nuwe stelsel van subsidiëring; en
(5) Beskerming teen invoere.

Die eerste was eintlik 'n saak vir die Regering en die vervaardigers, maar dit het in duie gestort.

Oor die ander vier aangeleenthede was daar 'n groot mate van samewerking tussen die vereniging en die georganiseerde landbou, hoewel die tweede, nl 'n Sentrale Instituut, ook in duie gestort het. Die verandering van die rabat- en subsidiestelsel is in noue samewerking deurgevoer en goeie vordering is gemaak met die rasionalisering van distribusie.

Die volgende jaar, 1963, is daar ook baie mooi saamgewerk in verband met die nuwe stel regulasies onder Wet No 36 van 1947.

Maar in 1963, nadat die Viljoenkomitee se voorstelle in verband met rasionalisasie van produksie finaal laat vaar is, was daar weer struwelinge tussen die maatskappye. En in November 1963 het Afrikaanse Springstowwe wat onder die Viljoen-voorstelle die grootste opoffering sou moes maak en wat wel gewillig was tot groot toegewings, maar nie groot genoeg na die ander vervaardigers se sin nie, by monde van mnre Deenik, Penny en Lindsay met 'n uiters aanloklike voorstel na die Koöperatiewe Raad gekom. Hulle het rondborstig erken dat die goedkoopste distribusiekanaal die landboukoöperasies is en was bereid om kunsmis slegs via koöperasies te bemark. Hulle het op sowat die helfte van die kunsmismark aanspraak gemaak en enige koöperasie wat 50% van sy kunsmisaankope by Afrikaanse Springstowwe doen, 'n afslag van 50c/ton aangebied. Gevra wat hulle sou maak as ander maatskappye reguit na die boer gaan en hom die 50c/ton afslag aanbied, was hulle antwoord dat hulle sulke kompetisie sal ontmoet en sorg dat so 'n boer deur sy koöperasie ook dieselfde voordeel sal geniet. As die Pryskontroleur, as gevolg van hierdie afslae, die prys met 50c/ton verminder, sou hulle voortgaan tot die ander maatskappye hul 50% aandeel erken en dan alle besparings as gevolg van eenkanaal koöperatiewe bemarking aan die boer deurgee. Die Koöperatiewe Raad kon hierdie erkenning van die koöperasies moeilik van die hand wys, maar het tog gevoel dat die teenmaatreëls van die ander maatskappye die koöperatiewe beweging kon benadeel en het aanbeveel dat koöperasies op vrywillige basis die plan ondersteun en as hulle kontrakte teken dit liefs net vir een jaar te doen.

Byna onmiddellik het drie ander maatskappye laat weet dat hulle ook bereid is om net deur koöperasies te versprei en graag 'n plan met die Kunsmisskakelkomitee wou bespreek. In 1964 was daar baie oorlegpleging oor rasionalisasie van distribusie en in Februarie 1965 het die drie grootste maatskappye van destyds, AE & CI, Fisons en Windmeul met 'n gesamentlike koöperatiewe distribusieplan na die Koöperatiewe Raad gekom. Dit is aanvaar en na die Skakelkomitee verwys om te implementeer en te monitor. Die maatskappye het selfs besluit om die koste te dra van die Koöperatiewe Raad se verteenwoordigers op die Skakelkomitee.

Die plan het behels.

(i) 'n gesamentlike verspreidingsplan;
(ii) die uitskakeling van onnodige oorvleueling deur kunsmisverkoopsmanne en tegniese beamptes;
(iii) die uitskakeling van oorbodige advertensie en reklame;
(iv) 'n gedesentraliseerde stelsel vir die samevoeging van gegewens oor grondontleding;
(v) vrywillige rasionalisasie van produksievermoë om oorkapitalisasie te voorkom; en
(vi) samewerking tussen die vervaardigingsbedryf en die landbou-koöperatiewe beweging.

Daar is aanvanklik goed gevorder met die implementering van hierdie plan en daar het 'n redelike mate van vrede geheers.

In 1966 is weer vertoë tot die Koöperatiewe Raad gerig vir toetrede tot vervaardiging. Weer is dit van die hand gewys om dieselfde redes as in 1960. Alles het nou so glad verloop, dat daar aantygings gekom het dat die Skakelkomitee nou daarin geslaag het om 'n pragtige vervaardigingsmonopolie aan die een kant te stig en 'n mooi verspreidingsmonopolie aan die ander kant wat dit vir nuwe toetreders uiters moeilik sou maak en op die ou end tot groot ondoeltreffendheid moes lei. Die SALU het egter besluit dat onder prysbeheer die monopolistiese neigings wat wel bestaan nie skadelik is nie maar besparings kan meebring.

Teen hierdie tyd het die Skakelkomitee al op sy kerfstok gehad:

(a) die koöperatiewe distribusieplan;
(b) bevredigende reëlings in verband met versporing van kunsmis deur die instelling van 'n vroeë afleweringsrabat;
(c) sekere reëlings vir die opberging van kunsmis by koöperasies;
(d) bevredigende subsidiereëlings, hoewel die hoogte van die subsidie as te laag beskou is;
(e) 'n groot vermindering in die aantal verkoopsmanne; en
(f) die instelling van meer beurse deur die maatskappye vir die opleiding van landboukundiges.

Al doring wat dit nie kon oplos nie, was die kwessie van versporingspunte waaroor die ekonome aan beide kante nooit eensgesindheid kon bereik nie.

Eintlik het dit seker te rustig gegaan, maar die rustigheid was van korte duur.

In hierdie tyd het Omnia na vervaardiging begin streef, maar aangesien hy aanvanklik van die bestaande vervaardigers sekere grondstowwe moes kry, het hy kort-kort in die moeilikheid beland, waaruit die georganiseerde landbou hom dikwels moes help. Ook in hierdie tyd het 'n nuwe vervaardiger, Triomf, tot stand gekom.

Dis interessant dat hier 'n poging aangewend is, nie om koöperasies by vervaardiging te betrek nie, maar om indiwiduele boere as beleggers te betrek.

In Augustus 1965 het mnre Luyt en Mentz naamlik die Koöperatiewe Raad ingelig dat hulle 'n nuwe kunsmismaatskappy, Triomf, gestig het en dat hulle beoog om aandele slegs aan boere beskikbaar te stel. Hiertoe het hulle die hulp van die SALU en die koöperasies ingeroep om by hul lede aan te beveel om aandele te koop. Daar is egter besluit dat boere nie aangeraai kan word waar om hul geld te belê nie en in elk geval het al die koöperasies 'n tekort aan fondse en sukkel hulself om van hul lede geld te kry. Aandele is egter deur die maatskappy verkoop en 'n fabriek te Potchefstroom opgerig.

Die feit dat Triomf in 1967 met produksie begin het en nie aan die rasionalisasieskema gebonde was nie, het probleme veroorsaak. Die Skakelkomitee het dus pogings aangewend om Triomf sowel as Omnia op die Skakelkomitee verteenwoordig te kry, waarin hulle in 1969 geslaag het.

In 1969 en 1970 het daar intensiewe onderhandelings deur 'n komitee van die Koöperatiewe Raad met die kunsmismaatskappye en betrokke Ministers plaasgevind oor die stigting van 'n sentrale distribusie-koöperasie of -maatskappy.

Midde in die onderhandelings is die grootste gefladder in die duiwehok in 1970 egter veroorsaak, deurdat 'n veertiental koöperasies in die mieliedriehoek deur 'n privaatmaatskappy, S L B, 'n 40% aandeelhouding in Triomf Kunsmisbeleggings beperk gekoop het. Louis Luyt het naamlik die wysheid gehad om nie soos mense voor hom met 'n aanbod na die Koöperatiewe Raad te kom van wie hy dieselfde antwoord as dié van 1960 sou kry nie — maar om regstreeks 'n paar indiwiduele koöperasies met sy aanbod te nader. Toe hulle dit aanvaar, het hy die Koöperatiewe Raad en die landboukoöperatiewe beweging voor 'n voldonge feit geplaas. Daar was dadelik 'n groot geskarrel onder die maatskappye om hulle belange te beskerm. Triomf Kunsmisbeleggings Beperk met 'n versekerde afsetkanaal tot sy beskikking het van sy bedingingsmag gebruik gemaak. Wat gebeur het, is resente geskiedenis en u weet almal dat Afrikaanse Springstowwe saam met Triomf Kunsmisbeleggings Beperk 'n nuwe vervaardigingsmaatskappy Triomf Kunsmis (Edms) Beperk gestig het waarin hulle onderskeidelik 49% en 51% van die aandele gehou het. Die Koöperatiewe Raad se spesiale komitee het sy pogings om distribusierasionalisasie deur een verspreidingsorganisasie te verkoop, halfhartig voortgesit tot Fedmis hom teen die einde van 1971 van die onderhandelinge onttrek het. Dit het gou geblyk waarom. Want kort daarna is aangekondig dat Fedmis en die nuwe Triomf 'n markverdelingsooreenkoms aangegaan het met 'n bietjie meer as die helfte van die twee se gesamentlike mark aan die nuwe Triomf en bietjie minder as die helfte aan Fedmis. Wat buite gestaan het was die staatskorporasies met hul byprodukte en die kleine Omnia wat maar al die jare sy alleenpaadjie gevolg het.

Weens sy samestelling het die nuwe Triomf natuurlik koöperatiewe bemarking aanvaar. Behalwe die staatskorporasies was daar nou basies twee groot vervaardigers en een kleinere. Ook in 1970 het Amkor saam met die landboukoöperasies 'n bemarkingsmaatskappy, Sentramark, gestig om die staatskorporasies se byprodukte te bemark. Onder al hierdie veranderinge en omwentelinge het die Skakelkomitee rustig met sy werksaamhede voortgegaan. Hy het al die gewone verspreidingsprobleme hanteer en opgelos. Met pryse het hy hom egter nie bemoei nie, behalwe om daarop aan te dring dat pryse aan die begin van Januarie elke jaar aangekondig moet word.

Die Koöperatiewe Raad se spesiale komitee het egter voortgegaan met sy pogings om 'n sentrale distribusie-organisasie te stig, hoewel dit dadelik duidelik geword het dat sekere vervaardigers huiwerig was na die verkryging van aandele in 'n enkele vervaardigingsmaatskappy deur sekere koöperasies wat ook 'n belangrike aandeel in die beoogde sentrale verspreidingsorganisasie sou hê. Aan die einde van 1971 is die poging deur die Koöperatiewe Raad laat vaar.

Pogings het egter voortgeduur om die maatskappy, Sentramark, in 'n koöperatiewe sentrale te omskep wat aanvanklik net die staatskorporasies se misstowwe sou versprei maar hopelik later ook ander maatskappye se kunsmis en moontlik uiteindelik alle kunsmis vir die binnelandse mark. Hieroor is verskeie ondersoekkomitees deur die Koöperatiewe Raad aangestel. Ekself het 'n minderheidsverslag ingedien en gewaarsku dat die plan nie kon werk nie, maar ten spyte daarvan is Sentramark (Koöperatief) Beperk in 1975 gestig. Ons weet nou dat dit skaars vier jaar geduur het voor hy ten gronde gegaan het. Daar het toe dadelik 'n probleem ontstaan met verspreiding van die staatskorporasies se produkte, waarna ek tevore verwys het.

Vroeg in die sewentigerjare het die Skakelkomitee met die moontlikheid van tekorte te doen gekry. Hy het sy bes gedoen om die probleme te hanteer maar aangesien dit uit die prysstruktuur gespruit het, kon hul niks aan die oorsake doen nie, dog slegs die simptome probeer dokter.

Die maatskappye was naamlik glad nie tevrede met die prysbepalings formule, veral wat betref die rendement op hul kapitaal nie en die twee grootste vervaardigers het in 1973 die SALU se steun gesoek vir 'n verhoging in die toegelate winsmarge. Die SALU kon egter moeilik pleit vir 'n hoër prys vir kunsmis. Die feit dat kunsmispryse in die 15 jaar tot 1973 maar met 16% gestyg het, dit wil sê met minder as 1% per jaar, het egter 'n agterstand in die prysaanpassings ingehou wat deur die SALU besef is. Dit het aanleiding gegee tot vertoë aan die owerheid dat produksie met die land se behoeftes moes tred hou, maar ongelukkig niks oor beter pryse vir vervaardigers nie. Die moeilikheid met prysbeheer is natuurlik dat die Staat wel 'n prys op enige peil kan vasstel, maar hy kan niemand verplig om teen daardie prys te produseer nie. Hierdie les is wel deeglik in 1973 en 1974 geleer, toe tekorte ontwikkel het omdat met noodsaaklike uitbreidings gesloer is weens die lae rendement. In 1974 is groot hoeveelhede kunsmis ingevoer teen baie meer as binnelandse pryse en moes die Staat die verskil van sowat R19 miljoen aan die maatskappye voorskiet — 'n skuld wat nou eers gedelg word deurdat die R5 miljoen kunsmissubsidie vir die boer van vanjaar af afgeskaf is, maar eintlik nog voortduur vir vier jaar om die ou skuld te delg.

Maar in elk geval moes die Unie in 1973/74 besluit: kunsmis teen 'n lae prys plus invoere teen enige prys, of kunsmis vir al ons behoeftes teen 'n redelike prys. Die SALU het natuurlik laasgenoemde gekies en moes toestem tot verhogings van die orde wat sowat 40% in een jaar. Daar is toe ook besluit dat pryse in die toekoms meer geleidelik aangepas moet word en dat daar nooit weer 'n herhaling van die toestand van 1974 moes wees nie. 'n Tussentydse prysaanpassing in 1974 is egter teengestaan weens die ontwrigtende effek wat dit op koöperasies sou hê, maar die aanpassing het tog in September met 12% plaasgevind. In Februarie 1975 was die gemiddelde aanpassing 38% en in Augustus 1975 is dit weer met 8% verlaag, wat die koöperasies ernstig verontrief het, net om dit in Januarie 1976 weer met 6% te verhoog. Die SALU het sy verteenwoordigers op die Skakelkomitee opdrag gegee om met beter beplanning deur almal hierdie soort rondspringery met pryse te verhoed. As deel van die langtermynbeplanning het die SALU in 1977 'n versoek van die Skakelkomitee gesteun vir hoër beskermende invoerregte op kunsmis, ook deur die buurstate wat deel van die Tol-unie uitmaak, ten einde plaaslike vervaardiging te beskerm teen onoordeelkundige invoere in jare dat die buitelandse prys toevallig laer is as die binnelandse prys.

In die tweede helfte van die sewentigerjare het die Skakelkomitee sy werk in redelike kalmte voortgesit en in 1978 'n moeilike padvervoerkwessie hanteer. Maar heel teen die einde van die dekade het daar weer struwelinge onder die maatskappye ontstaan toe die Skakelkomitee behulpsaam was om so te sê alle stoorruimte by koöperasies vol kunsmis te pak om voorrade van die fabrieke weg te kry. Net hierna het die maatskappye groot indiwiduele boere genader en aan hulle kunsmis verkoop teen groter afslae as aan die koöperasies, sodat koöperasies met groot voorrade in hul store bly sit het. Die volgende jaar het die koöperasies geweier om voorrade op te berg en kunsmis het by die vervaardigers begin ophoop. In die chaos wat toe geheers het, het die Skakelkomitee sy vuurdoop deurgemaak, maar weer daarin geslaag om orde te herstel.

Die episode het egter 'n nadraai gehad deurdat die Mededingingsraad 'n ondersoek begin instel het na wat die monopolistiese neigings in die kunsmisbedryf genoem word. Die SALU het vanjaar getuienis by die Mededingingsraad hieroor afgelê. Eintlik is dit 'n herhaling van 'n vorige ondersoek deur die Raad van Handel en Nywerheid in 1978 wat redelik beslissingloos geëindig het.

Maar verdere uitvloeisel van die afslae wat aan sommige boere aangebied is, was 'n nuwe vlaag van aantygings dat die kunsmismaatskappye onbehoorlike winste maak. Dié gedagte is versterk deur die feit dat daar 'n ommeswaai in wêreld-

pryse was en dat verliese wat die vorige jaar ten opsigte van uitvoere gely is, in vanjaar se finansiële state van die maatskappy deur groot uitvoerwinste vervang is. Dit help nie om daarop te wys dat die maatskappye se winste op die binnelandse mark presies dieselfde gebly het nie.

Die SALU is verplig om vanjaar 'n nasionale kunsmiskonferensie te reël om almal die geleentheid te gee om hul griewe te lug. Intussen het die Regering ook 'n Komitee van Ondersoek na die Kostestruktuur van die Kunsmisbedryf aangestel aan wie die SALU sopas 'n memorandum voorgelê het.

Die SALU het ook verlede jaar begin aandring op inspraak by die vasstelling van kunsmispryse voordat 'n besluit geneem word in teenstelling met vertroulike inligting oor die prysvasstelling nadat die Regering reeds sy besluit geneem het. Hierdie saak word tans nog deur die betrokke Ministers ondersoek.

Aangesien die prysstruktuur tans die groot brandpunt is en die Skakelkomitee nie daardie gebied dek nie, het die SALU op verdere skakeling met die kunsmisbedryf besluit.

Skakeling op hoë vlak

Die President van die SALU het sopas 'n skrywe aan die Voorsitters van die vervaardigingsmaatskappye gerig waarin voorgestel word dat die drie Ampsdraers van die SALU, die President, Vise-President en Adjunk-Voorsitter van die Koöperatiewe Raad, samesprekings voer met die Voorsitter en Besturende Direkteur van elke vervaardiger, afsonderlik of gesamentlik. Die onderwerpe waaroor hul die skakeling nodig ag, is juis dié wat nie deur die Skakelkomitee behartig kan word nie, soos die prysstruktuur, toekomstige beplanning van addisionele produksiekapasiteit sonder oorkapitalisasie, ens. Die uitslag van hierdie nuwe skakelingspoging word nog afgewag, maar indien dit wel plaasvind, sal die skakeling tussen die georganiseerde landbou en die kunsmisbedryf seker so goed wees as wat moontlik is.

Slot

Ek het getrag om in hierdie stuk 'n kort oorsig van die SALU se skakeling met die kunsmisbedryf oor die jare te gee. Die ontwikkelinge en geskiedenis is egter eensydig omdat dit slegs uit die rekords van die SALU saamgestel en van sy oogpunt gesien is. Om heeltemal volledig en wetenskaplik te wees, sal 'n mens natuurlik 'n parallelle stuk uit die annale van die vervaardigers en hul vereniging moet opstel en dan die twee moet korreleer en konsilieer om 'n ware en gebalanseerde oorsig te verkry. Hierdie taak dra ek met graagte op aan 'n weetgierige, navorsingslustige lid van die Misstofvereniging van Suid-Afrika.